

Nuusbrief

N2/2022

14 Des. 2022

Privaatsak X4, Laingsburg 6900 Tel. 023 551 1019 Faks. 023 551 1019

info@laingsburg.gov.za

# Municipality * Laingsburg * Munisipaliteit



## Boodskap van die Uitvoerende Burgemeester Raadslid J. Botha



Die feesseisoen is op hande en dit is daardie tyd van die jaar wanneer families en vriende die feesvieringe van die seisoen kom vier. Kersfees beteken verskillende dinge vir mekaar, maar na 'n jaar gevul met baie uitdagings, kan die naderende Kerstyd soos 'n welkome tyd voel met 'n hernieude sin vir betekenis. Ons het baie waardevolle lesse geleer wat ons vorentoe sal neem na die Nuwe Jaar.

Ons wil 'n beroep op motoriste, voetgangers en gemeenskapslede doen om hierdie jaar veilig op die paaie te wees, baie padsterftes het voorgekom en baie lewens is verlore - ons gebede gaan uit na daardie families en vriende. Laat ons almal verantwoordelikheid neem om die verkeersreëls te gehoorsaam sodat ons lewendig kan aankom. Ons doen 'n beroep op u om u voertuie te laat nagaan voordat u lang reise aanpak. Deur die jaar het ons hoë vlakke van kriminele aktiwiteite waargeneem, maar veral gedurende die feesseisoen is daar 'n toename omdat die meeste mense nie tuis sal wees nie. Ons doen 'n beroep op ons gemeenskappe om waaksaam te wees en enige verdagte aktiwiteite by die Polisie en Plaaslike Wetstoepassing aan te meld. Ons moet wys dat ons vir mekaar omgee deur die eiendomme van ons medemens te pas.

In die gees van Kersfees, hoop ek dat elkeen van ons 'n geleentheid sal hê om te rus , te reflekteer en aandag te gee aan wat die belangrikste in die lewe is.

Namens die Laingsburg Munisipale Raad en Munisipale Amptenare wens ek almal 'n Geseënde Kersfees en 'n gelukkige en veilige Nuwejaar toe!





Mag die feesgety gevul wees met Liefde, Geluk en Vreugde. Mag Jesus ook die Middelpunt wees in hierdie fees seisoen

**Geseënde Kersfees**

MNR J BOOYSEN
WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER

*Dappermuis en Carebears wens almal 'n veilige Feestyd toe. Ons as dagsorg sluit Donderdag, 15 Desember 2022 en heropen weer 18 Januarie 2023.*
*Indien u steeds kleuters wil registreer vir bywoning by die fasiliteite kan u die Bergsig saal of Matjiesfontein Sportsaal besoek op 18 Januarie 2023*





## Helpende hand

Die Burgemeester van Laingsburg Me. J. Botha het bome aan die gemeenskap van Matjiesfontein in die Sentraal-Karoo oorhandig gedurende November 2022. Matjiesfontein is slegs 29km vanaf Laingsburg en val onder die Laingsburg Munisipaliteit streek. Die Burgemeester het ook pragtige blaar spinasie geskenk wat uit die Laingsburg Burgemeesterstuin agter die Laingsburg Toerisme Kompleks ge-oes is, die produkte is geskenk aan die ouetehuis - Huis Malan Jacobs en die Gemeenskapsvoedingsprojek by die Laingsburg Thusong Dienssentrum.





## Wykskomitees

Wykskomitee Vergaderings vind maandeliks plaas waar openbare gemeenskaps probleme ter tafel gelê word en daarna verwys word na die Raad vir bespreking en moontlike oplossing. U word tog vriendelik vesoek om die gemeenskapsvergaderings soos per Wyksraadslid kwartaalliks by te woon om sodoende terugvoering te kry oor die geïdentifiseerde behoeftes.

***** VULLIS VERWYDERING *****
**Besigheids vullis en Matjiesfontein**
16 Desember 2022 vullis word op 19 Desember 2022 verwyder
26 Desember 2022 vullis word op 27 Desember 2022 verwyder
02 Januarie 2023 vullis word op 03 Januarie 2023 verwyder

*****HUIS VULLIS *****
Göldnerville en Bergsig sal soos normal verwyder word

***** RESES *****

Die Munisipale Raad is in reses vanaf die 29 November 2022 en sal terugkeer op 16 Januarie 2023

*****SLUITING VAN MUNISIPALE KANTOOR*****

Die Munisipale Kantoor sal gesluit wees vanaf 23 Desember 2022 tot 30 Desember 2022 en heropen op 3 Januarie 2023.

## Munisipale Visie

**"'n Bestemming van keuse waar mense eerste kom"**

# Laingsburg Karoofees 2022





Die Karoofees Komitee spreek hul opregte dank en waardering uit aan die volgende persone en/of instansies vir hul bydrae of hulp tot die Karoofees 2022: Die Burgemeester, Die Onder Burgemeester, Die Speaker en ook Laingsburg Munisipaliteit (Tegnies & Wetstoepassing). Dank gaan ook uit aan ons plaaslike kunstenaars, Dj's en Rappers wat opgetree het en ook dan op so manier blootstelling ontvang het. Ons vrywillige werkers wat ons gehelp het was tops; sonder jul sou ons dit nie kon maak. Laastens wil ons **DIE LAINGSBURG GEMEENSKAP** bedank. Baie dankie vir jul opkoms en goeie gees. Dit was 'n riem onder die hart om te sien hoe almal hulself geniet en die lieflike atmosfeer wat geskep was, was verblydend. Ons sien uit na volgende jaar se fees en poog om meer aktiwiteite te hê en ook "lucky draws" te hê. Geniet die feesgety met u families. Ons sien weer by **KAROOFEES 2023!!!**

# BESOEKE VAN ADJUNK MINISTER VAN MENSLIKE NEDERSETTINGS EN ADJUNK MINISTER VAN LANDBOU (NASIONAAL)





Die Adjunkminister van Menslike Nedersettings Pamela Tshwete, en die Adjunkminister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, Meneer Skwatsha saam met die Uitvoerende Burgemeester van Sentraal-Karoo Distriksmunisipaliteit, en ander plaaslike Uitvoerende Burgemeesters van Beaufort Wes, Prins Albert en Laingsburg het 'n Gemeenskap Imbizo byeen geroep om regeringsprogramme te bespreek en planne wat daarop gemik is om geïntegreerde dienslewering te verbeter wat werksgeleenthede sal skep.

Die Gemeenskap Imbizo wat in Laingsburg gehou was, het kwessies aangespreek wat menslike nedersettings (behuising), landbou, veiligheid en sekuriteit, ekonomiese ontwikkeling, water en sanitasie, omgewing en maatskaplike ontwikkeling insluit. Dit is deel van regering se programme om dienslewering te versnel deur die Distriksontwikkelingsmodel (DDM) wat deur die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake gefasiliteer word.

Die adjunkministers en burgemeesters het plaaslike ekonomiese ontwikkeling en die munisipale infrastruktuur-projekte in Laingsburg plaaslike munisipaliteit besoek.



### *Skoonmaak Kennisgewing*

Neem asseblief kennis dat daar is meer reën wat voorspel word, en 'n volledige skoonmaak sal nog nie gedoen word nie, maar die toegangspunte in die verskillende areas sal op 'n gereelde basis skoongemaak word. Ons evalueer huidige situasies en hoe om dienslewering te reguleer. Die weervoorspellings vir die volgende paar dae, insluitend die beurtkragskedule, word gemonitor.

## Beurtkrag en Water

Die Laingsburg Munisipaliteit gebruik pompe om ondergrondse water vir menslike gebruik te pomp; hierdie pompe het elektrisiteit nodig om te werk en daarom pomp die munisipaliteit tydens beurtkrag nie voldoende hoeveelhede water nie en slegs pompe van kragopwekker-gesteunde boorgate. Ongelukkig het die munisipaliteit 40% van die pompe gerugsteun, wat beteken dat ons nie uit 60% van ons boorgate pomp nie.

Die Laingsburg Munisipaliteit het net waterkapasiteit vir 48 ure te stoor, maar hierdie water raak uitgeput. As ons nie genoeg water inpomp om in ons water aanvraag te voorsien nie, word "loadshedding" ons realiteit. Wanneer beurtkrag bokant fase 4 en 5 of meer beweeg, is die krag af vir meer as 8 ure, wat lei tot geen pomp vir 24 ure nie, maar eerder 16 ure tydens fase 5 en 14 uur tydens fase 6. Dit is ongeveer die helfte van die hoeveelheid pomptyd wat beskikbaar is, maar die gebruik is steeds 24 uur

Maatreëls wat geïmplementeer sal word, is soos volg:

- Water sal tussen 22h00 en 04h00 afgeskakel word

## Belangrike Datums

| | |
|---|---|
| **Versoeningsdag** | **: 16 Desember 2022** |
| **Kersdag** | **: 25 Desember 2022** |
| **Welwillendheids Dag** | **: 26 Desember 2022** |
| **Publieke Vakansie dag** | **: 27 Desember 2022** |
| **Nuwe Jaarsdag** | **: 01 Januarie 2023** |

## Plaaslike Markdag en Biltong Markdag

Ons het vroeër die jaar 'n wonderlike Biltongmark by die Laingsburg Toerismekompleks gehad. Dit was 'n heerlike, sonnige Karoo dag perfek vir alles wat met BILTONG te doen het. Dankie aan almal wat ons plaaslike mark ondersteun het. Die biltong samosas, biltong pizza, biltong brandrissie fudge en gerookte biltong croissants was maar net 'n paar van die heerlike etes wat voorgesit was. Die Plaaslike blaasorkes (band) was daar om wonderlike musiek te verskaf.

Nog 'n mark wat plaasgevind het, was die “Homemade Homegrown Market” by Porcupine Rest Camp wat plaasgevind het in September 2022. Daar was lekker eetgoed beskikbaar, insluitend jaffels, potjiekos en heerlike soetgoed. Neem asseblief kennis dat daar weer 'n Tuisgemaakte Mark by Porcupine Rest Camp sal wees op die 23 Desember 2022 vanaf 12h00! Daar sal ook 'n kroeg wees om 'n yskoue bier of twee te geniet.




## Nood Nommers

| | | |
|---|---|---|
| Munisipale Verkeer | - | 073 148 7665 |
| Brandweer & Rampbestuur | - | 073 148 7665 |
| Water Werke | - | 073 171 5896 |
| Elektrisiteit | - | 073 171 5896 |
| SAPD | - | 10111 |
| EMS Ambulans | - | 10177 |
| | - | 023 551 1420 |
| Klagtes | - | 023 551 1019 |
| Childline | - | 0800 055 555 |
| Kindersorg | - | 023 551 1694 |
| Hospitaal | - | 023 814 2017 |

## LADAAG

**Kersfees en Nuwejaar is partytjie tyd en die drankies is beskikbaar, wees asb verantwoordelik en een glasie kan lei tot verslawing.**

**Alkohol & Dwelms**

**Vernietig lewens! Kies ’n skoon en vry lewe!**

**Vir hulp skakel Shireen by (023) 551 1899**



Indien u ‘n advertensie in die koerant wil plaas kan u met ons gesels en ‘n goeie prysie kom onderhandel!!

Munisipale Kommunikasie Kantoor
Arthur & Madré

LAINGSBURG
MUNISIPALITEIT
2 Van Riebeeckstraat
Laingsburg
6900